Gebedsversoeke vir hierdie Maand – 2008 Junie tot September.
Marius en Amanda Storm - Nederland

Saam met ons nuusbriewe wat deur die meeste binnekort (per pos) ontvang word, is daar ook ‘n gebedsbrief met uitgebreide gebedsversoeke.
Baie dankie vir almal wat so ongelooflik getrou vir ons bid. Ons waardeer dit baie. Wil julle asseblief baie intree omdat ons op die oomblik baie moedeloosheid en swaarmoedigheid beleef. Bid dat die Here ons hierin sal help en die oorwinning sal gee.

Wil u asseblief bid vir die gesondheid van Amanda. Sy is besig om goed aan te sterk, maar het gordelroos gekry. Ook is daar ander ondersoeke wat nog gedoen gaan word. Wil u daarvoor bid.
Ons program die volgende Maand is as volg:

Junie	
Ma 1	Bid saam met ons dat Estie ‘n pos kry as onderwyseres. Bid dat sy aanvaar sal word by een van die baie skole waar sy aansoek gedoen het.
Di 2	Kursus in Ede – dit word deur Marius en Mirjam versorg.
Wo 3	Marius het sy Bybelstudie met tienerleiers
Do 4	Kursus in Sliedrecht is nog aan die gang en die kursusgangers reageer baie mooi en is baie toegewyd. Bid vir Marius wat eers 1.00 Vrydag oggend tuis kom. Hierdie kursus gaan vir nog 5 weke duur.
Vr 5	Bybelstudie met die tieners vrydag aand.
Zo 8	Marius preek in die evangeliese gemeente Berea Noord. Bid vir die teenwoordigheid van die Here.
Ma 9	Vergadering vir mense wat in die somer ons wil kom help in die opelugwerk in Apeldoorn. Bid dat baie sal opdaag en baie bereid sal wees om te kom.
Wo 11	Bid vir die Skype Bybesltudie met die Afrikaners in Nederland
Do 12	Bid vir die kursus in Sliedrecht.
	Dank die Here vir Richard en Marna wat vandag 1 jaar getroud is. Bid vir klein Abigaile dat sy vroeg in haar lewe die Here sal leer ken.
Wo18	Jeugleiers Bybelstudie.
Do 19	Gerda Bastiaans kry ‘n heupvervangings operasie. Bid dat die operasie geslaag sal wees en vir ‘n spoedige herstel. Bid asb dat as sy nou vir ‘n lang ruk nie volledig betrokke kan wees nie – ons wel sonder haar belangrike hulp klaar sal kan kom.
	Bid vir ons kursus in Sliedrecht
	Bid ook vir die Team vergadering van die IKEG werkers vandag.
Vr 20	Hendrik en Barend Hefer kom op besoek vir ‘n maand by ons. Bid vir ‘n geseënde opbouende tyd.
	Riaan en Wilna Smit – komitee lede uit SA van die NKA en baie getroue ondersteuners en betrokkenes kom op besoek vir ‘n paar dae. Bid vir ‘n baie aangename tyd saam.
Za 21	Marius en Anneke het ‘n groot skolingsdag in Assen. Dit is vir almal wat daar opelug klubs gaan hou.
Zo 22	Bid vir die diens in Utrecht wat Marius gaan hou.
Ma 23	Bid vir die IKEG bestuursvergadering DV vanaand. Bid vir eenheid en ‘n baie goeie vergadering.

Di 24	Bid vir die Evangelisasie komissievergadering van ons kerk. Ons nuwe ds Adri Baas is die eerste keer aanwesig. Bid ook vir ons ander ds – ds Piet van Duijvenboden wat ‘n beroep aangeneem het om ‘n kapelaan te word in die weermag.
Wo 25	Bid vir die Skype Bybelsyudie wat ons vanaand hou.
Julie maand	Bid vir die vakansie tyd wat nou aanbreek – (Soos die Desember vakansie in SA) Bid dat die tyd wat ons het as gesin – 2 weke - geniet sal word.
Augustus	Bid ook vir die baie voorbereidings wat ons het vir die someraksie in Assen en Apeldoorn en Ede.
Elke maand	Bid ook vir die opelug aksie in Papendrecht wat elke week gehou word.
Oktober	Bid ook vir die voorberedings vir die groot konferensie van 10-13 Oktober. Bid dat die mense wat ‘n verhaal gaan vertel baie geseënd sal wees en vir Marius wat DV die preek op die Sondag moet hou voor 1100 mense.